



LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137

Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819

e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

10 Mei 2018

OMSENBRIEF 14/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die Ierse skrywer en predikant Laurence Sterne skryf ... *"Respect for ourselves guides our morals; respect for others guides our manners"*. Ek wil byvoeg dat 'n mens eers selfrespek moet hê, alvorens jy ander kan respekteer.

Waar ons vandag hemelvaart vier, herdenk ons die gebeurtenis waarin die Here Jesus fisies van die aarde vertrek het om vir ewig by God te wees. Hy het die aarde verlaat as die Een wat oorwin het. Hy het die hemele betree om Sy hemelse bediening en huisvesting vir Sy bruid (ons) voor te berei, asook om Sy Hoë Priesterlike bediening voort te sit. God stuur egter vir ons die Heilige Gees om ons te beskerm, sodat ons lewens van die lig kan getuig. Dit is 'n ongelooflike waarheid om te besef dat God self, in die vorm van die Heilige Gees, in my as 'n gelowige woon. Die vraag is egter of ek hierdie gawe sinvol gebruik om meer oor Jesus te leer en sodoende 'n lewe te leef wat vir God welgevaldig is.

Ten einde 'n gelukkige skoolgemeenskap te behou, is die fisiese welstand en veiligheid van ons leerders, ons heel hoogste prioriteit. Die skool probeer sy uiterste bes om 'n veilige omgewing vir alle kinders en volwassenes te skep. Ons versoek u om asseblief enige verdagte persone of omstandighede by die skool, of in die omgewing van die skool, te rapporteer.

Ons versoek verder dat ouers wat die skool gedurende skoolure besoek, nie direk na 'n personeellid se klas sal gaan nie. Ongelukkig kan ons hierdie praktyk nie toelaat nie, aangesien dit die leergebeure onderbreek. Ek gee gevolglik vir u die prosedure wat u moet volg:

- U meld by die kantoor aan en laat die artikel (wat u vir u kind wil gee) by die kantoor of maak 'n afspraak indien u die onderwyser wil spreek.
- Die leerder of personeellid word slegs tussen klaswisseling of pouses geroep.
- Leerders wat die skool verlaat, word uitgeteken.

Ons sou egter verkies dat u vroegtydig 'n afspraak maak om 'n onderwyser te sien, aangesien die personeel gedurende skoolure besig is om klasonderrig te gee en hulle u nie dan te woord kan staan nie. Dankie vir u begrip en samewerking in hierdie verband.

Ons wil graag die sport- en kultuurleerders en -afrigters gelukwens met ons deelname. Ek wil die ouers ook bedank vir die volgehoue aanmoediging en betrokkenheid wat u toon ten opsigte van die akademie, sport- en kultuur aktiwiteite by die skool.

Ten slotte deel ek graag die volgende gedagtes oor die waarde van RESPEK met u.

Respek behels....

- behandel ander met dieselfde respek as wat ek behandel wil word
- wees geduldig
- goeie maniere, geen vuil taal of onbeskofte gedrag
- konsidereer ander en hulle gevoelens
- moenie iemand dreig, fisies seermaak of afknou nie
- hanteer konflik sonder geweld

By die huis kan u die volgende doen:

- Eet saam en bespreek aan etenstafel wat elke familielid se goeie karaktereenskappe is. Gee mekaar erkenning hiervoor, dis deel van respek.

Hoe u as ouer respek kan bevorder:

- Voorlewing is belangrik. Leef soos iemand met respek en behandel jou kinders te alle tye op 'n respekvolle wyse. Maak 'n lys van maniere hoe almal kan bydra om 'n respekvolle atmosfeer in die huis te handhaaf. Moenie jou kinders name noem, beledig, spot of buite konteks straf nie.
- Behandel jou kinders deur hulle verskillende persoonlikhede in ag te neem.
- Leer jou kinders dat kulture verskil en dat ons individue, wat etnies van ons verskil, ook moet respekteer.
- Respekteer jou kind se privaatheid, tensy jy rede tot kommer het.
- Praat met jou kind oor die verskil tussen: om almal met respek te behandel teenoor bewondering van mense.

"Omdat julle soveel respek vir Christus het, moet die een nie dink hy is beter of belangriker as die ander nie. Elkeen moet bereid wees om dáár te wees vir die ander een" - Efesiërs 5:21 (Die Boodskap)

2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)

Weeksdag	Rooster	Belangrikste gebeure vir die week
Maandag, 14 Mei	Dag 3	Centurion Kunstefees inskrywings SLUIT
Dinsdag, 15de	Dag 4	Netballiga teen L/s Skuilkrans (Weg)
Woensdag, 16de	Dag 5	ENG Redenaars Graaduitdunne Gr 1-7
Donderdag, 17de	Dag 6	Rugby- en Netballiga teen Louis Leipoldt (Weg)
Vrydag, 18de	Dag 1	Hondeskou, ATKV Redenaars (Semi-finaal) H/s Menlopark
Saterdag, 19de	-	Bulletjierugby Liga (Tuis), Klublandloop TUT Soshanguve

3. CENTURION KUNSTEFEEES INSKRYWINGS

Die inskrywings vir die Centurion kunstefees sluit Maandag, 14 Mei. Inskrywingsvorme vir Drama, Sang en Instrumentaal is by Me Estelle Jooste beskikbaar. Inskrywings vir Kuns is by Me Karien Geysers beskikbaar.

4. RMS REDENAARS

Laerskool Swartkop is aangewys as die wenner van die RMS Afrikaanse Redenaars afdeling! Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het en gehelp het om ons skool se naam hoog te hou.

Die interne Engelse redenaars vind plaas op Woensdag, 16 Mei by die skool. Leerders sal voor die einde van die week briewe ontvang indien hulle deurgebring het na die interne kompetisie.

5. TSHWANE JEUGKUNSTEFEEES OUDISIES

Die Tshwane Jeugkunstefees oudisies vind plaas op Woensdag, 16 Mei gedurende skooltyd. Baie sterkte aan die volgende groepe wat daaraan deelneem: Slagorkes, Junior Koor, Senior Koor, Swarnallies en Senior Revue.

6. OMGEE PROJEK

Daar is voortdurend voedsel nood in ons skoolgemeenskap en ons koskaste is leeg! Ons wil graag 'n beroep op u doen om ons by te staan met skenkings van 'n paar noodsaaklikhede. Ons sal dit baie waardeer indien u asseblief enige van die volgende produkte vir ons na die registerklasse kan stuur:

- Gr 1 Mielie-meel / Koekmeel / Bakpoeier ens, Pakkies Soppoeier, Souspoeier
- Gr 2 Koffie / Tee / Poeiermelk / Langlewe melk / Suiker
- Gr 3 Blikkieskos (Bv Baked Beans, Tuna, Mielies ens)
- Gr 4 Bad- en/of lyfprodukte (Seep, Shampoo, Deodorant, Tandepasta ens)
- Gr 5 Toilet papier, Wasgoedseep, Versagmiddel, Sunlightseep ens
- Gr 6 Pakkies Soya, Grondboontjebotter, Rys, Pasta ens
- Gr 7 Konfyt / Kaasmeer of enige ander smeermiddels vir brood

7. MERK VAN SKOOLKLERE

Aangesien die skoolklere baie duur is, en ons voortdurend ongemerkte verlore klere by die klerebank kry, bied ons u die geleentheid om u kind se naam op die skoolklere te laat borduur teen R20 per item. Vlootblou skoolserpe is ook beskikbaar vir die winter teen 'n bedrag van R50 per serp. Dit sluit die borduur van die kind se naam in. Indien u belangstel, voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur dit saam met die kledingstuk wat gemerk moet word en die korrekte bedrag na Mnr Braam du Plessis se klas na K2.

8. SWARRIE UITBLINKERS

Jonathan Booyen het Saterdag algeheel eerste gekom in sy ouderdomsgroep vir gimnastiek in Brits.

Shenick Venter verwerf 'n brons medalje in die Eldosterre Gimnastiek kompetisie.

Groete



MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

DRINGEND Verblyf Gesoek – 1 slaapkamer woonstel
vir nie meer as R3500 pm nie. Skakel asb 0844893896

Merk / Bestel van Skoolklere

Naam en Van wat geborduur moet word: _____

Graad en klas: _____

Merk van klere (R20 per item)- Aantal items wat gemerk moet word (items hierby ingesluit) _____

Aantal serpe bestel (R50 elk) _____ Bedrag ingesluit _____

Naam van Ouer _____ Sel nr _____